#HoeNou?! – Episode 18: KATTE EN HONDE

Katte en honde: Waar kom hulle vandaan?

Wat was ons eerste troeteldiere en wat is hulle oorsprong? Waarom sê ons “dit reën katte en honde”? En wat is die herkoms van die woorde “kat”, “hond” en die Engelse “dog”.

Het jy geweet?

- In 2018 was daar na raming 471 miljoen honde en 373 miljoen katte as troeteldiere in die wêreld.
- As jy dink daar is 332 miljoen inwoners in Amerika, dan is daar meer troetelkatte in die wêreld as inwoners van die VSA.
- **Honde is verreweg die oudste:**
    - *Canis lupus familiaris* (kortweg *Canis familiaris*) is die oudste mak gemaakte dierspesie van alle dierspesies – en dateer meer as 15 000 jaar gelede.
    - Dit is dus nog ouer as van die oudste tale waarvan ons weet, en selfs ouer as landbou!
    - Navorsing wat in 2021 in die *Proceedings of the National Academy of Sciences* gepubliseer is reken honde is selfs ouer. Volgens dié navorsing is die grys wolf meer as 23 000 jaar gelede deur die antieke Noord-Siberiërs mak gemaak en later ooswaarts na Amerika en weswaarts in die res van Asië en Europa versprei.
- **In vergelyking met honde is katte baie jonk.**
    - Vir lank is daar gedink dat hulle uit Antieke Egipte kom, so ongeveer uit 3000 VHJ.
    - Maar die jongste navorsing (2007) beweer katte is reeds in die omgewing van 7500 VHJ in die Midde-Ooste mak gemaak.

Hoekom sê ons dit reën katte en honde as dit baie hard reën?

Daar is baie teorieë en mites, maar die verklaring is eintlik eenvoudig. Dit het ontstaan by die bekende Engelse skrywer Jonathan Swift, wat ondere Gulliver se reise geskryf het.

- **1710 (in ‘n gedig: *A Description of a City Shower*):**

Sweeping from Butchers Stalls, Dung, Guts, and Blood,

Drown'd Puppies, stinking Sprats, all drench'd in Mud,

Dead Cats and Turnip-Tops come tumbling down the Flood.

- **1738 (in ’n brief; eerste keer wat ons die uitdrukking sien):**

I know Sir John will go, though he was sure it would rain cats and dogs.

Bronne:

- Engelse woord *kat* = An ancient Egyptian unit of weight, one fiftieth of an avoirdupois pound. (https://en.wiktionary.org/wiki/kat)
- Nederlandse woord *hond* = landmaat van 100 roeden < hou verband met *honderd* (http://etymologiebank.ivdnt.org/trefwoord/hond2)
- • Dog and cat pet population worldwide 2018 | Statista
- dog | Origin and meaning of dog by Online Etymology Dictionary (etymonline.com)
- Dog - Wikipedia
- Cat - Wikipedia
- Raining cats and dogs - Wikipedia
- What is the origin of the phrase "it's raining cats and dogs?" | Library of Congress (loc.gov)

The phrase 'Raining cats and dogs' - meaning and origin. (phrases.org.uk)

BRON EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.